# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

THURSDAY, 26 JUNE 2025

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:15] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:18] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion and the ratification of the Marine Oil Pollution (Preparedness, Response and Cooperation) Bill.

   Agreed to.

5. [14:19] The House discussed the following subject in the name of Hon D W Bryant:

   The state of local governments in the Western Cape governed by coalitions.

   Debate concluded.

6. [15:26] FIRST ORDER

   Consideration of report of the Standing Committee on Local Government, Environmental Affairs and Development Planning on the Marine Oil Pollution (Preparedness, Response and Cooperation) Bill [B 10D–2022] (NCOP), dated 17 June 2025 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 62, dated 24 June 2025, p 255). (Ratification of final mandate.)

   Declarations of vote made on behalf of the ANC, PA, FF Plus, NCC, ACDP, Al Jama-ah, GOOD and DA.

   Question put: That the Report of the Standing Committee on Local Government, Environmental Affairs and Development Planning be adopted.

   Question agreed to.

   The Report accordingly adopted.

7. [15:41] Interpellations.

8. [16:12] Questions.

9. [17:14] Statements by Members.

10. [17:35] Response to statements by Members by Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness.

11. [17:36] Motions with notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151 that all notices of motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

12. [17:37] Motions without notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

13. Mr D G Jacobs moved without notice: That the House congratulates the South African men's cricket team that has just emerged as victorious at the ICC World Test Cricket final in England; notes that this victory proves to the world that in the so-called country where bad things happen world champions live and play sport; notes that it also gives the next generation of cricket, football and rugby stars the opportunity to dream; further notes that victories like these allow those young ones playing street cricket in Elsies River or football on a patch of open land in Eldorado Park to dream and to grow; and salutes them and thanks them for keeping the flag flying high.

Agreed to.

14. Mr F Kamfer moved without notice: That the House congratulates the South African cricket team, the Proteas, led by captain Temba Bavuma, that won the World Test Championship (WTC); notes that the Proteas defeated Australia by five wickets at Lord's; notes that this marked the Proteas' first-ever WTC title; notes that, for decades, South Africa built a reputation of heartbreak, reaching finals but never clinching them; notes that this win finally silences the doubters; notes that Temba Bavuma, the first black African test captain, led the team to glory; and notes that his captaincy symbolises both progress in transformation and renewed national pride.

Agreed to.

15. Ms R Windvogel moved without notice: That the House congratulates Professor Priscilla Baker, senior professor of analytical chemistry at the University of the Western Cape (UWC), after being honoured with the 2025 L'Oréal–UNESCO For Women in Science International Award as the Africa and Arab states laureate; notes that Prof Baker is one of only five recipients worldwide this year, and the only winner representing Africa and the Arab states; notes that she will be officially honoured at UNESCO's headquarters in Paris on 12 June; and notes that, growing up in Bellville South, Cape Town, Prof Baker certainly inspires us all to reach for the stars and we know she is an inspiration to many.

Agreed to.

16. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes with deep sadness and outrage the tragic killing of a 15-year-old girl from the Zisukhanyo Secondary School in Samora Machel, Cape Town, who was fatally shot while walking to school on the morning of Wednesday 12 June 2025; and notes that this incident is part of a disturbing pattern of vio-

lence in Cape Town communities where innocent school children, particularly in working-class areas, are routinely exposed to violent crime and gang activity.

Agreed to.

17. Ms B Stoffel moved without notice: That the House notes the passing away of Major-General André Lincoln in May 2025; notes that Major-General Lincoln was a veteran of the liberation struggle; notes that, as a former uMkhonto weSizwe intelligence officer, he sacrificed much for the freedom and dignity we enjoy today; notes that his courage, patriotism and unwavering commitment to justice remain an inspiration to all South Africans; and notes that, in recognition of his outstanding contributions to both the liberation movement and law enforcement, Major-General André Lincoln was honoured with a state funeral and laid to rest with full provincial honours.

Agreed to.

18. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates Jaydin Donough, a matriculant at the Belgravia High School, on the remarkable achievement of authoring four books, including *Shadows of the heart*, *Tales of nature* and *Stones in the graveyard*; notes that his works are written with the express purpose of inspiring his peers across the Cape Flats, particularly in his school and neighbouring communities; commends Councillor Rashid Adams of ward 49 for recognising Jaydin's talent and spearheading a fundraising initiative to support the publication of *Stones in the graveyard*; further acknowledges Jaydin's extraordinary contribution to youth literature; and celebrates his role as a beacon of hope and inspiration for young people in the Western Cape.

Agreed to.

19. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates Anele Gqasana on being awarded a civic honour in recognition of his dedicated and selfless service to his community; notes that Mr Gqasana has played a leading role in combating gender-based violence, working tirelessly to build a safer and more just society for all; acknowledges the positive and lasting impact of his efforts, particularly in empowering vulnerable individuals and fostering a culture of accountability and support; further notes that this civic honour will be officially conferred on 26 June 2025, and represents a well-deserved recognition of his commitment to justice and safety; and extends sincere appreciation to Mr Gqasana for his unwavering dedication to the public good and commends him as an example of active citizenship in action.

Agreed to.

20. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates Mr Temba Bavuma, captain of the Proteas, on leading the national cricket team to victory in the ICC World Test Championship final at Lord's; notes with pride that Mr Bavuma was born and raised in Langa, a community with a rich cricketing tradition, where his love for the game was first nurtured on township pitches; acknowledges that his journey from Langa to Lord's stands as a powerful symbol of perseverance, discipline and excellence, and serves as a beacon of hope for aspiring sportsmen and women from similar communities; recognises that his leadership and resilience under pressure have inspired a new generation of cricketers and united South Africans in celebration; and extends heartfelt congratulations to Mr Bavuma and the entire Proteas squad for this historic achievement and for making the nation proud.

Agreed to.

21. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates Lifezone Sport International on successfully launching another international soccer exchange tour, DreamPossible9, which saw a group of talented young players from Kensington and Factreton fly to Sweden on 21 June 2025; notes that this remarkable initiative provides life-changing opportunities for the youth through sport, travel and cultural exchange – offering not only elite-level training and international tournament experience, but also fostering friendship, discipline and hope; further notes that this marks the ninth such exchange organised by Lifezone since 2009; acknowledges the critical role of families, local coaches and community supporters who helped raise funds and prepare these young athletes for the journey; and extends sincere congratulations to the Lifezone team for their continued commitment to youth development and for inspiring communities across the Cape Flats through sport.

Agreed to.

22. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates Olivia Castleden, a Grade 9 learner at Somerset College, on being selected to represent South Africa at the prestigious Pan-African Mathematics Olympiad in Botswana; and notes that Olivia boasts an impressive record, including winning a gold medal at the South African Mathematics Challenge.

Agreed to.

23. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House acknowledges the exceptional service of the Helderberg Hospice, which has provided compassionate palliative care to the Helderberg community for over 40 years; recognises the vital contributions of its staff, volunteers and leaders in delivering holistic care with dignity and excellence; and congratulates Helderberg Hospice on this milestone and expresses deep appreciation for its ongoing impact in the Western Cape.

Agreed to.

24. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates 18-year-old Matthew du Toit, known as "Crazy Sharky," a learner at the Zandvliet High School, on his planned 100 km run in September to support the Red Cross War Memorial Children's Hospital; acknowledges this inspiring youth-led charity initiative and wishes him success; and calls on Members of this House to support his Back-a-Buddy Campaign.

Agreed to.

25. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates Kaylin Willscott on being named to the Wineland Media and ROTOCON 30 under 30 list; commends her commitment to social upliftment through wine and her leadership as a young woman in a traditionally male-dominated industry; and encourages continued support for young talent and women in the Western Cape's wine sector.

Agreed to.

26. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates the winners of Miss Helderberg and commends the organisers for arranging this uplifting event; further thanks local businesses and organisations for driving community initiatives; and calls on Members of this House to support more youth-driven initiatives that make young people feel seen and heard.

Agreed to.

27. Mr L D van Wyk moved without notice: That the House congratulates the JS Klopper Primary School in Elsies River on celebrating its 70th anniversary with former learners, former staff members of the community; notes that, since the school opened in 1955 with just three classrooms, it has grown into a beacon of excellence in academics, sport and the arts, and has gained the respect and appreciation of families in the area; and also acknowledges the leaders and the contributions of the current and former principals, as well as community leaders' involvement.

    Agreed to.

28. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes the passing away of Louis Tebugo Moholo-Moholo, a South Africa jazz legend; sends condolences to his family, friends and the jazz community, where he had made a huge impact; notes that Louis was born in Cape Town; notes that he formed The Blue Notes with Chris McGregor, Johnny Dyani, Nikele Moyake, Mongezi Feza and Dudu Pukwana; notes that he had made an incredible impact in the jazz scene in the country; and honours his contribution.

    Agreed to.

29. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House notes that the Cape Town City Football Club, the only team representing Cape Town in the South African Premier Soccer League (PSL) following the relegation of another Cape Town-based team, Cape Town Spurs FC, in the 2023/24 season has also been relegated; notes that the relegation of Cape Town City marks another significant setback for top-flight football in Cape Town, a city with a rich footballing heritage and a passionate sporting community; notes that the PSL plays a critical role in youth development, talent scouting, local economic activity and job creation; notes that this development highlights the need for increased institutional support for professional football in the Western Cape, including grassroots development, investment in clubs and improved collaboration between the private sector, government and sports federations; and notes the need that the government must act decisively.

    Agreed to.

30. Ms R Windvogel moved without notice: That the House wishes Banyana Banyana all the best in the upcoming Women's Africa Cup of Nations (WAFCON) 2025, which takes place in Morocco from 5 to 26 July; notes that Banyana Banyana goes into the tournament as defending champions; and wishes coach Desiree Ellis and her players all the best, assures them that the nation is behind them and expresses the certainty that they will make the country proud.

    Agreed to.

31. [17:48] The Deputy Speaker gave a ruling on a point of order raised by Hon Minister Wenger during the debate on Interpellation 1 in the House on 22 May 2025 and requested the Hon Member Stoffels, to withdraw the offending statement.

    Ms B Stoffels, having disregarded the authority of the Chair, was ordered to leave the Chamber for the remainder of the day's sitting.

32. The House adjourned at 17:50.

Digitally signed by Lubabalo Stemele
Date: 2025.07.08 11:03:59 +02'00'

Mr Lubabalo Stemele
Acting Secretary to the Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

DONDERDAG, 26 JUNIE 2025

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:15] Die Speaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:18] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel sonder voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die onderwerp vir bespreking en die bekragtiging van die Wetsontwerp op Mariene Oliebesoedeling (Voorbereiding, Reaksie en Samewerking) (“Marine Oil Pollution (Preparedness, Response and Cooperation) Bill”) voorrang het.

   Goedgekeur.

5. [14:19] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb D W Bryant:

   Die stand van plaaslike regerings in die Wes-Kaap wat deur koalisies beheer word.

   Debat afgesluit.

6. [15:26] EERSTE ORDER

   Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Wetsontwerp op Mariene Oliebesoedeling (Voorbereiding, Reaksie en Samewerking) (“Marine Oil Pollution (Preparedness, Response and Cooperation) Bill”) [W 10D–2022] (NRVP), gedateer 17 Junie 2025 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 62, gedateer 24 Junie 2025, bl 255). (Bekragtiging van finale mandaat.)

   Stemverklarings namens die ANC, PA, VF Plus, NCC, ACDP, Al Jama-ah, GOOD en DA.

   Vraag gestel: Dat die Verslag van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aangeneem word.

   Vraag goedgekeur.

   Die Verslag is dus aangeneem.

7. [15:41] Interpellasies.

8. [16:12] Vrae.

9. [17:14] Verklarings deur Lede.

10. [17:35] Reaksie op verklarings deur Lede deur me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand.

11. [17:36] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

12. [17:37] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

13. Mnr D G Jacobs stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Suid-Afrikaanse mans-krieketspan gelukwens wat pas by die ICC-wêreldtoetskrieketeindstryd in Engeland as oorwinnaars uit die stryd getree het; kennis neem dat hierdie oorwinning aan die wêreld bewys dat wêreldkampioene in die sogenaamde land waar slegte dinge gebeur, leef en sport beoefen; kennis neem dat dit ook die volgende geslag krieket-, sokker- en rugbysterre die geleentheid bied om te droom; verder kennis neem dat sulke oorwinnings daardie kinders wat straatkrieket in Elsiesrivier of sokker op 'n oop veld in Eldoradopark speel, die kans gee om te droom en te groei; en hulle salueer en bedank dat hulle die vlag hoog laat wapper.

    Goedgekeur.

14. Mnr F Kamfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Suid-Afrikaanse krieket-span, die Proteas, onder leiding van kaptein Temba Bavuma, gelukwens nadat hulle die Wêreldtoetskampioenskap (WTK) gewen het; kennis neem dat die Proteas Australië met vyf paaltjies op Lord's verslaan het; kennis neem dat dit die Proteas se eerste WTK-titel ooit is; kennis neem dat Suid-Afrika dekades lank 'n hartseer reputasie verwerf het deur eindstryde te haal, maar nooit te wen nie; kennis neem dat hierdie oorwinning die twyfelaars uiteindelik stilmaak; kennis neem dat Temba Bavuma, die eerste swart toetskaptein in Afrika, die span na glorie gelei het; en kennis neem dat sy kapteinskap beide vordering met transformasie en hernude nasionale trots simboliseer.

    Goedgekeur.

15. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis prof Priscilla Baker, senior professor in analitiese chemie by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), gelukwens nadat sy met die L'Oréal–UNESCO Internasionale Toekenning Vir Vroue in Wetenskap 2025 as bekroonde wenner in Afrika en die Arabiese state aangewys is; kennis neem dat prof Baker vanjaar een van net vyf ontvangers wêreldwyd is en die enigste wenner is wat Afrika en die Arabiese state verteenwoordig; kennis neem dat sy amptelik op 12 Junie by UNESCO se hoofkantoor in Parys vereer sal word; en kennis neem dat prof Baker in Bellville-Suid grootgeword het en ons almal beslis inspireer om na die sterre te reik en ons weet sy is 'n inspirasie vir vele.

    Goedgekeur.

16. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer en woede kennis neem van die tragiese moord op ’n 15-jarige meisie van die Sekondêre Skool Zisukhanyo in Samora Machel, Kaapstad, toe sy op die oggend van Woensdag 12 Junie 2025 doodgeskiet is terwyl sy skool toe gestap het; en kennis neem dat hierdie voorval deel van ’n ontstellende patroon van geweld in Kaapse gemeenskappe is waar onskuldige skoolkinders, veral in werkersklasgebiede, gereeld aan geweldsmisdaad en bendeaktiwiteit blootgestel word.

Goedgekeur.

17. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dood van generaal-majoor André Lincoln in Mei 2025; kennis neem dat generaal-majoor Lincoln ’n veteraan van die bevrydingstryd was; kennis neem dat hy, as ’n voormalige uMkhonto weSizwe-intelligensiebeampte, baie opgeoffer het vir die vryheid en waardigheid wat ons vandag geniet; kennis neem dat sy moed, patriotisme en onwrikbare toewyding aan geregtigheid steeds ’n inspirasie vir alle Suid-Afrikaners is; en kennis neem dat, ter erkenning van sy merkwaardige bydrae tot beide die bevrydingsbeweging en wetstoepassing, generaal-majoor André Lincoln met ’n staatsbegrafnis vereer is en met volle provinsiale eerbewyse te ruste gelê is.

Goedgekeur.

18. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Jaydin Donough, ’n matrikulant aan die Hoërskool Belgravia, gelukwens met die merkwaardige prestasie om vier boeke te skryf, insluitende *Shadows of the heart*, *Tales of nature* en *Stones in the graveyard*; kennis neem dat sy boeke geskryf is met die uitdruklike doel om sy portuurgroep op die Kaapse Vlakte, veral by sy skool en in omliggende gemeenskappe, te inspireer; raadslid Rashid Adams van wyk 49 aanprys vir die erkenning van Jaydin se talent en dat hy ’n fondsinsamelingsinisiatief gelei het om die publikasie van *Stones in the graveyard* te ondersteun; verder erkenning gee aan Jaydin se buitengewone bydrae tot jeugliteratuur; en sy rol as ’n baken van hoop en inspirasie vir jongmense in die Wes-Kaap vier.

Goedgekeur.

19. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Anele Gqasana gelukwens met die toekenning van ’n burgerlike eerbewys ter erkenning van sy toegewyde en onbaatsugtige diens aan sy gemeenskap; kennis neem dat mnr Gqasana ’n toonaangewende rol gespeel het in die stryd teen geslagsgebaseerde geweld, en onvermoeid gewerk het om ’n veiliger en regverdiger samelewing vir almal te bou; erkenning gee aan die positiewe en blywende impak van sy pogings, veral met die bemagtiging van weerlose individue en die bevordering van ’n kultuur van verantwoordingspligtigheid en ondersteuning; verder kennis neem dat hierdie burgerlike eerbewys amptelik op 26 Junie 2025 toegeken sal word, en ’n welverdiende erkenning van sy verbintenis tot geregtigheid en veiligheid verteenwoordig; en opregte waardering teenoor mnr Gqasana uitspreek vir sy onwrikbare toewyding tot voordeel van die publiek en hom as ’n voorbeeld van aktiewe burgerskap in aksie aanprys.

Goedgekeur.

20. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis mnr Temba Bavuma, kaptein van die Proteas, gelukwens nadat hy die nasionale krieketspan in die eindstryd van die ICC-wêreldtoetskampioenskap op Lord's na 'n oorwinning gelei het; met trots kennis neem dat mnr Bavuma in Langa gebore is en grootgeword het, 'n gemeenskap met 'n ryke krieket-tradisie, waar sy liefde vir die sport eerste op townshipvelde gekoester is; erkenning gee dat sy reis van Langa na Lord's 'n kragtige simbool van volharding, dissipline en uitmuntendheid is, en as 'n baken van hoop vir aspirantsportmanne en -vroue uit soortgelyke gemeenskappe dien; erkenning gee dat sy leierskap en veerkragtigheid onder druk 'n nuwe geslag krieketspelers geïnspireer het en Suid-Afrikaners in viering verenig het; en opregte gelukwense teenoor mnr Bavuma en die hele Protea-span vir hierdie historiese prestasie uitspreek en omdat hulle die nasie trots gemaak het.

Goedgekeur.

21. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Lifezone Sport International gelukwens met die suksesvolle bekendstelling van nóg 'n internasionale sokkeruitruiltoer, DreamPossible9, waar 'n groep talentvolle jong spelers van Kensington en Factreton op 21 Junie 2025 na Swede gevlieg het; kennis neem dat hierdie merkwaardige inisiatief lewensveranderende geleenthede vir die jeug bied deur middel van sport, reis en kulturele uitruiling – wat nie net opleiding op elitevlak en internasionale toernooi-ervaring bied nie, maar ook vriendskap, dissipline en hoop bevorder; verder kennis neem dat dit die negende soortgelyke uitruiling is wat Lifezone sedert 2009 gereël het; erkenning gee aan die kritieke rol van families, plaaslike afrigters en gemeenskapsondersteuners wat gehelp het om fondse in te samel en hierdie jong atlete vir die reis voor te berei; en opregte gelukwense teenoor die Lifezone-span uitspreek vir hul volgehoue verbintenis tot jeugontwikkeling en vir die inspirasie wat hulle deur sport aan gemeenskappe op die Kaapse Vlakte bied.

Goedgekeur.

22. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Olivia Castleden, 'n graad 9-leerder by Somerset-kollege, gelukwens nadat sy verkies is om Suid-Afrika by die toonaangewende Pan-Afrika-wiskundeolimpiade in Botswana te verteenwoordig; en kennis neem dat Olivia 'n indrukwekkende rekord het, insluitende die goue medalje wat sy by die Suid-Afrikaanse Wiskunde-uitdaging gewen het.

Goedgekeur.

23. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan die uitsonderlike diens van die Helderberg Hospice, wat al meer as 40 jaar simpatieke palliatiewe versorging aan die Helderberg-gemeenskap verskaf; erkenning gee aan die noodsaaklike bydrae van sy personeel, vrywilligers en leiers om holistiese versorging met waardigheid en uitnemendheid te lewer; en die Helderberg Hospice met hierdie mylpaal gelukwens en diepe waardering vir sy voortgesette impak in die Wes-Kaap uitspreek.

Goedgekeur.

24. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 18-jarige Matthew du Toit, bekend as "Crazy Sharky", 'n leerder aan die Hoërskool Zandvliet, gelukwens met sy beplande 100 km-wedloop in September om die Rooi Kruis-oorloggedenkkinderhospitaal te ondersteun; erkenning gee aan hierdie inspirerende jeuggeleide liefdadigheidsinisiatief en hom sukses toewens; en 'n beroep doen op Lede van hierdie Huis om sy Back-a-Buddy-veldtog te ondersteun.

Goedgekeur.

25. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Kaylin Willscott gelukwens met haar insluiting by die Wineland Media en ROTOCON se 30-onder-30-lys; haar verbintenis tot maatskaplike opheffing deur middel van wyn en haar leierskap as ’n jong vrou in ’n bedryf wat tradisioneel deur mans oorheers word, aanprys; en voortgesette ondersteuning vir jong talent en vroue in die wynbedryf van die Wes-Kaap aanmoedig.

Goedgekeur.

26. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die wenners van Mej Helderberg gelukwens en die organiseerders aanprys omdat hulle hierdie opheffende geleentheid gereël het; verder plaaslike sakeondernemings en organisasies bedank vir die bevordering van gemeenskapsinisiatiewe; en ’n beroep doen op Lede van hierdie Huis om meer jeuggedrewe inisiatiewe te ondersteun wat jongmense laat voel dat hulle gesien en gehoor word.

Goedgekeur.

27. Mnr L D van Wyk stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Primêre Skool JS Klopper in Elsiesrivier gelukwens met die viering van hul 70e bestaansjaar saam met oudleerders, oudpersoneel en lede van die gemeenskap; kennis neem dat, sedert die skool in 1955 met slegs drie klaskamers geopen is, dit tot ’n baken van uitnemendheid in akademie, sport en die kunste opgebou is, en die respek en waardering van gesinne in die gebied gewen het; en ook erkenning gee aan die leiers en die bydrae van die huidige en vorige skoolhoofde, asook die betrokkenheid van gemeenskapsleiers.

Goedgekeur.

28. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dood van Louis Tebugo Moholo-Moholo, ’n Suid-Afrikaanse jazz-legende; innige meegevoel met sy familie, vriende en die jazz-gemeenskap betuig, waar hy ’n groot impak gemaak het; kennis neem dat Louis in Kaapstad gebore is; kennis neem dat hy The Blue Notes saam met Chris McGregor, Johnny Dyani, Nikele Moyake, Mongezi Feza en Dudu Pukwana gestig het; kennis neem dat hy ’n ongelooflike impak in die jazz-bedryf in die land gemaak het; en sy bydrae vereer.

Goedgekeur.

29. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Cape Town City-sokkerklub, die enigste span wat Kaapstad in die Suid-Afrikaanse Premier-sokkerliga (PSL) verteenwoordig ná die relegasie van ’n ander span wat in Kaapstad gebaseer is, Cape Town Spurs FC, in die 2023/24-seisoen, ook gerelegeer is; kennis neem dat die relegasie van Cape Town City nóg ’n beduidende terugslag vir eersterangse sokker in Kaapstad beteken, ’n stad met ’n ryke sokkererfenis en ’n passievolle sportgemeenskap; kennis neem dat die PSL ’n deurslaggewende rol in jeugontwikkeling, talentwerwing, plaaslike ekonomiese aktiwiteit en werkskepping speel; kennis neem dat hierdie ontwikkeling die behoefte aan verhoogde institusionele ondersteuning vir professionele sokker in die Wes-Kaap beklemtoon, insluitende ontwikkeling op grondvlak, belegging in klubs en verbeterde samewerking tussen die privaat sektor, die regering en sportfederasies; en kennis neem van die behoefte dat die regering beslissend moet optree.

Goedgekeur.

30. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Banyana Banyana alle voorspoed toewens vir die komende Afrikanasiesbeker vir Vroue ("Women's Africa Cup of Nations" of WAFCON) 2025, wat vanaf 5 tot 26 Julie in Marokko plaasvind; kennis neem dat Banyana Banyana aan die toernooi as die verdedigende kampioen deelneem; en afrigter Desiree Ellis en haar spelers alle sukses toewens, hulle verseker dat die land hulle steun en die sekerheid uitspreek dat hulle die land trots sal maak.

    Goedgekeur.

31. [17:48] Die Adjunkspeaker het 'n uitspraak gelewer oor ʼn punt van orde wat deur die agb Minister Wenger tydens die debat oor Interpellasie 1 in die Huis op 22 Mei 2025 geopper is, en versoek die agb Lid Stoffels om die aanstootlike verklaring terug te trek.

    Nadat me B Stoffels die gesag van die Stoel verontagsaam het, word sy gelas om die Raadsaal vir die res van die dag se sitting te verlaat.

32. Die Huis verdaag om 17:50.

Mnr Lubabalo Stemele
Waarnemende Sekretaris van die Provinsiale Parlement